

**19 Maart**

**Genesis 5:21-24; Hebreërs 11:5 en 6**

### ***Jou getuigskrif***

Elke mens is elke dag besig om sy eie getuigskrifte skryf. Ons skryf hierdie getuigskrifte met ons dae. Daarom moet ons weet aan watter vereistes ons getuigskrifte moet voldoen. Gewoonlik kyk ons net na uiterlike dinge om daarvoor te getuig. Ons kan immers nie dieper as die sigbare dinge kyk nie. Maar wanneer God van ons 'n getuigskrif skryf, kyk Hy na meer as net sigbare dae. Hy kyk na die grond waaruit ons dae groei.

Genesis 5 en Hebreërs 11 sê watter vereistes God aan ons getuigskrifte stel. Van Henog word getuig dat hy met God gewandel het. Om met God te wandel, beteken volgens Hebreërs 11:6 twee dinge, naamlik geloof en gehoorsaamheid. Die een kan nie sonder die ander nie. Jou gehoorsaamheid moet uit jou geloof groei.

Uit onself kan ons nie glo nie en dus ook nie gehoorsaam wees nie. Daarom het Christus aan die kruis die ware gehoorsaamheid in ons plek volbring. En God die Heilige Gees het gekom. Hy wek geloof in ons harte. En Hy lei ons sodat ons gehoorsaam kan wees. Nou kan hierdie twee dinge in ons getuigskrifte staan: GLO en daarom is ons GEHOORSAAM. In hierdie lewe kan mense net die uiterlike deel van ons getuigskrifte lees. Vir God is ons hele getuigskrif egter duidelik leesbaar. En eendag sal ons getuigskrifte vir almal duidelik leesbaar wees wanneer die boeke van die gewete oopgemaak word (Op 20:12).

Wat staan in jou getuigskrif? Uit watter grond groei die sigbare deel van jou getuigskrif?

Hoe gaan jy vandag verder aan jy getuigskrif skryf?

Sing: Psalm 138:1

Ds. A.P. Krüger (Vanderbijlpark)